

# Waardeer die vrye mark!

Suid-Afrika het 'n besonderse vrye mark wat voedselsekerheid in die land verseker. Kennis van die landboubedryf se geskiedenis kan bemagtigend wees, nuwe moontlikhede ontsluit en opnuut waardering vir die doeltreffende vrye mark skep.

Die bepaling van kontant- en termynpryse op die JSE vind intyds plaas danksy die tydige beskikbaarheid van akkurate markinligting oor vraag en aanbod. Dié inligting word beskikbaar gestel deur die Suid-Afrikaanse Graanlaboratorium, die Nasionale Oesskattingskomitee, die Suid-Afrikaanse graaninligtingsdiens (Sagis) en die Nasionale Landboubemarkingsraad se vraag-en-aanbodkomitee. Dié instellings het nie voor die beplanning van die eenkanaalbemarkingstelsel in 1947 bestaan nie.

Die Unie van Suid-Afrika se Bemarkingswet van 1937 was geskoei op soortgelyke wetgewing wat vroeër in die 1930's in Brittanje, Kanada en Nederland vir die daarstelling van produkte- of bemarkingsrade ingedien is. Soos in dié lande was die wetgewing 'n uitvloeisel van 'n behoefte onder plaaslike boere dat hul onderhandelingsvermoë met die verkoop van hul produkte versterk moes word. Voor die Tweede Wêreldoorlog het boere surplusse teen lae pryse geproduseer, wat onvolhoubaar was.

Die destydse regering het tydens die oorlogsjare ingegryp en toenemend in die vrye mark begin inmeng – met onder meer produksiekwotas, toegewings op lewering van graan teen 'n voginhoud van hoër as 12,5% en prysbeheer. Daar is reeds in 1947 uitgewys dat "só 'n verhoogde mate van prysbestendigheid egter nie beteken – en dit kan ook nie – dat pryse eens en vir altyd vasgestel word nie".

## Eenkanaalbemarking

Met die ervaring uit die oorlogsjare en die groot verliese wat die verskillende skemas opgelewer het, was die destydse regering se gevolgtrekking dat 'n eenkanaalbemarkingstelsel stabiliteit sou meebring wat die groot onsekerheid wat met die vryebemarkingstelsel gepaard gegaan het, sou beperk.

Dit blyk egter uit die argiewe van Uniegraan en die koöperasies wat lid van Uniegraan was, dat staatsinmenging by die verskillende skemas in die destydse vrye mark tot groter prysonstabiliteit en verliese gelei het. Met die instelling van 'n eenkanaalbemarkingstelsel, soos die Mielieraad, moes Uniegraan se lede as agente van die verskillende rade optree.

Suid-Afrika was dus ingestel op die beheerde bemarkingstelsels van Europa en nie op die vryemarkstelsel wat in Amerika en selfs Argentinië in werking was nie.

In Frankryk mag 'n boer nie sy eie produk verkoop nie. Ná lewering aan die koöperasie behoort dit aan die koöperasie en die koöperasie behartig die bemarking en verkope daarvan. Die produk behoort, anders as in Suid-Afrika, net aan een eienaar in die silo.

In teenstelling met Frankryk verhandel die kontantmark en kort daarna die termynmark vir mielies sedert 1848 op die Chicago Board of Trade in Amerika. Dit is 100 jaar voor die destydse Suid-Afrikaanse regering in weerwil van Uniegraan-lede se sienings die ideaal van 'n eenkanaalbemarkingstelsel in Suid-Afrika geïdealiseer het. Die Kansas City Board of Trade is in 1856 in die lewe geroep en die Rosario Futures Exchange het reeds sedert 1909 mielies verhandel. Safex het eers in 1995-'96 tot stand gekom.

Die Nasionale Bemarkingsraad se verslag aan die destydse minister van landbou het getoon dat beheerde pryse om fundamentele redes die algemene pryspeil moes volg, maar dat georganiseerde bemarking terselfdertyd oneweredige prysdalings tydens depressies en buitesporige stygings in tye van 'n sterk sameloop van omstandighede moes voorkom. Ingevolge die bemarkingswetgewing moes die rade die pryse vasstel, maar dit kon net geskied met die goedkeuring van die minister van landbou en bosbou.

Die verslag het ook uitgewys dat daar 'n opvallende tekort aan gegewens (markinligting) vir die doel van prysvasstelling was, veral wat mielies betref.

Terugskouend en met die instellings wat ons vandag het, sou ons kon aanvoer dat Suid-Afrika deur die oorlogjare, soos daarvoor, steeds 'n netto uitvoerder van mielies sou wees, veral teen die hoër wêreldpryse wat geheers het. Dit sou plaasgevind het sonder die verliese wat die skemas gelei het en waarvoor die verbruiker moes opdok.

Daar was egter ook ander redes waarom skemas destyds ondersteuning geniet het. Gedurende die oorlog is stelsels ingevoer om die prys van koring en mielies voor saaityd aan te kondig om uitbreiding aan te moedig. Pleks daarvan om die idee van 'n eenkanaalbemarkingstelsel tot voordeel van 'n doeltreffende vryemarkstelsel te laat vaar, is redes aangevoer waarom 'n eenkanaalbemarkingstelsel voluit ontwikkel moes word om die tekortkominge daarvan te oorkom.

Voorstelle is ook gemaak dat, met instemming van boere, 'n heffing op die produsenteprys verhaal word om 'n stabilisasiefonds te skep. Vanweë die wisselings in vraag en aanbod op die vrye mark sou die rade aansienlike finansiële risiko's loop.

Dit het my opnuut laat besef dat ons die vrye mark moet koester. Dit is ons beste bondgenoot. Ons moenie toelaat dat die instellings wat ons vrye mark in die graan- en oliesadebedryf in stand hou, gebrek ly met onvoldoende finansiering en gebrekkige oorsig en deelname deur die einste deelnemers in die waardeketting nie. **LBW**

*Wessel Lemmer is die hoofbestuurder van Agbiz Grain.*

BRON: Unie van Suid-Afrika, 1947. *Verslag van die Nasionale Bemarkingsraad oor die bemarkingsrade, 1938 tot 1946.* Cape Times Limited, Kaapstad.